

ST. MARCELLINUS & ST. PETRUS

2 JUNIE

(sterf 304)

Tydens die wrede vervolging van die Christene tydens die bewind van keiser Diocletianus het daar in Rome 'n priester genaamd Marcellinus en ene Petrus die marteldood gesterf. Feitlik niks is omtrent hulle bekend nie, maar hul moedige belydenis het 'n diep indruk op hul geloofsgenote en selfs die heidense bevolking gemaak. Volgens oorlewering het hulle daarin geslaag om selfs in die tronk die bewaarder en sy vrou vir Jesus te wen. Pous Damasus het 'n grafskrif vir hulle geskryf en keiser Konstantyn het 'n basiliek oor hul laaste aardse rusplek opgerig.